

28 Maart

Skrifgedeelte: Jeremia 36

Fokusgedeelte: Jeremia 36:2 en 14-30

Die Woord van God kan nooit stilgemaak word nie

Barug (Baruk NAV) die skrywer, skryf volgens die bevel van die Here al die woorde van Jeremia op en gaan lees dit aan die leiers van die volk voor. Hulle neem dit dan na koning Jojakim wat elke bladsy daarvan verbrand. Jojakim wou die Woord van God stilmaak, maar hierdie woord word weer van nuuts af deur Jeremia opgeskrywe (vers 28). Die Woord van God is ewig en kan nooit uitgewis of gestuit word nie. Ons weet vandag dat hierdie Woord vlees geword het en onder ons kom woon het. Net soos Jojakim die woord wou uitwis, het die Skrifgeleerdes, Fariseërs en leiers van die Jode ook hierdie Woord wat vlees geword het probeer stilmaak. Hulle het Hom gevange geneem en op Goeie Vrydag gekruisig om Hom vir ewig die swye op te lê. Maar hierdie Woord het weer lewendig geword en opgestaan uit die dode. En sy woorde en werke is van nuuts af in die evangelies opgeskrywe om saam met die woord van Jeremia en ander profete uitgedra te word aan elke volk en taal en nasie. Dit is die woord wat die evangelie van Christus verkondig en wat die Heilige Gees in die harte van mense bedien om hierdie woord te glo en so die ewige saligheid te beërwe.

Sing: Psalm 33:6

Ds DL de Beer (Emeritus)